INTERNATIONAL ACADEMY OF LINGUISTIC LAW
INTERNASIONALE AKADEMIE VIR LINGUISTIESE WETGEWING

Bloemfontein (Suid-Afrika) en Montreal (Kanada)

# Taal, Wetgewing en Die Meertalige Staat

Bloemfontein (Suid-Afrika), 1-3 November 2010

## Versoek om referate

Eerste omsendskrywe, 1 September 2009

Die Twaalfde Internasionale Kongres oor Wetgewing en Taal van die Internasionale Akademie vir Linguistiese Wetgewing – TAAL, WETGEWING EN DIE MEERTALIGE STAAT – word deur die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein , Suid-Afrika gereël (www.uv.ac.za). Dit sal van 31 Oktober tot 4 November 2010 (Sondag tot Donderdag) by die Black Mountain Leisure and Conference Hotel (http://www.blackmountainhotel.co.za), 80km oos van Bloemfontein, plaasvind.

Die werkstale van die kongres sal Frans, Engels en Afrikaans wees.

Die Algemene Wetenskaplike Komitee van die kongres is saamgestel uit proff. Theodorus du Plessis, Loot Pretorius en Koos Malan; drr. Nelson Musehane, Munene Mwaniki, mnr. J.C. Van der Merwe en me. Mariana Kriel (SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE KOMITEE) en deur proff. Claudine Brohy, Denise Daoust, Angéline Martel, André Braen, Joseph-G. Turi en José Woehrling (IALL WETENSKAPLIKE KOMITEE).

Vir verdere inligting rakende registrasie, akkommodasie en om abstrakte van voorgestelde referate te stuur, kontak asseblief die Suid-Afrikaanse Komitee direk by die volgende adres: Eenheid vir Taalbestuur, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300, RSA; e-pos: dplesslt.hum@ufs.ac.za; webblad: http://www.ufs.ac.za/etb; tel: +27 51 401 2405; faks: +27 51 444 5804.

’n Afskrif van elke abstrak moet ook na die IALL Wetenskaplike Komitee by die volgende adres gestuur word: IALL-AIDL; suite J-4; 6000; chemin Deacon; Montréal (Québec); Canada H3S 2T9. E-pos: academy.inter@sympatico.ca; webblad: www.iall-aidl.org; tel.: (+1) 514.345.0718; faks: (+1) 514.345.0860.

Abstrakte van referate (200-400 woorde) moet voor 15 Desember 2009 ontvang word.

ONDERWERPE VIR DIE KONGRES KAN OOR DIE VOLGENDE TEMAS HANDEL:

Linguistiese wetgewing / Vergelykende linguistiese wetgewing
Taalregulering
Taaldiversiteit / Meertaligheid
Taalregte / Minderheidsregte
Taalbeleid en –beplanning / Taalbestuur
Taalpolitiek
Taalbewegings
Taal, wetgewing en kultuur

Die registrasiefooi (in euro) is €650 voor 28 Februarie 2010 en €750 daarna. Die registrasiefooi vir studente sal €550 wees. Hierdie bedrag sluit luukse akkommodasie vir 4 nagte, al die maaltye en die kongresfooie in. Vervoer vanaf en na Bloemfontein lughawe is ook ingesluit.

’n Opsionele kulturele toer sal op 4 November van en na die kongreslokaal beskikbaar wees. Hou asseblief die kongresblad vir details dop.

*Die Franse en Engelse weergawes vir hierdie omsendbrief is op aanvraag beskikbaar.*